1904 - 2004

LAERSKOOL DANIE MALAN

TEL: 546-1358
546-1368
FAKS: 546-0705

KOOS DE LA REYSTRAAT 279
POSBUS 16163

PRETORIA-NOORD 0182
PRETORIA-NOORD 0116

Algemene navrae/ General enquiries:
navrae@daniemalan.co.za
Vrystellings/ Exemptions:
finansies2@daniemalan.co.za
Hoof/ Principal:

Akademie/ Academic:
hbloem58@gmail.com
Inskrywings/ Afwesighede/ Enrollment/ Absent:
ontvangs@daniemalan.co.za
Finansies / Finances :
finansies@daniemalan.co.za
Dissipline/ Sport/ Disscipline/ Sport:
pietervanzyl82@gmail.com

OMSENDBRIEF 30 – 8 SEPTEMBER 2015

Geagte ouers

PERSONEEL:
Baie geluk aan Me. Chamonix van der Westhuizen wat op 9 September verjaar.

VOORLOPIGE DATUMS VIR KWARTAAL 3 VAN 2015

8 September	**TOETS: GESKIEDENIS GR. 4 – 7** **MNR EN MEJ DANIE MALAN GR 4-5** **WETENSKAP EKSPO IN KLASTYD** Sagtebal: Haakdoorn & Magalieskruin (tuis) Krieket: O/12A: Garsfontein (tuis) Krieket: O/13A: Garsfontein (weg)
9 September	**MNR EN MEJ DANIE MALAN GR 2 + 3** **WETENSKAP EKSPO IN KLASTYD** Krieket: O/9A Garsfontein (weg)
10 September	**TOETS: AARDRYKSKUNDE GR. 4 - 7** **MNR EN MEJ DANIE MALAN GR 6 + 7** **WETENSKAP EKSPO IN KLASTYD** Sagtebal: GHS (weg) Krieket: O/10A : Garsfontein (tuis) Krieket: O/11A : Garsfontein (weg)
11 September	**WETENSKAP EKSPO IN KLASTYD**
12 September	Landloop SA Nasionale Kampioenskappe Hokkie O/11 – Magalies Hokkie O/11 Tygerpoort Hokkie O/13 – CBCA Hokkie O/12 – Rooihuiskraal
14 September	Aankondiging van nuwe Skolierpatrollie en Diensraad 2016 Tennis: Interne skoolkampioenskappe
15 September	**ANA-TOETSE GR 1 - 7** Tennis: Interne skoolkampioenskappe Sagtebal: kwarteind oorkruiswedstryde Rietondale Park
16 September	**ANA-TOETSE GR 1 - 7** **WETENSKAP EKSPO GALA 18:00** Tennis: Interne skoolkampioenskappe
17 September	**ANA-TOETSE GR 1 - 7** Tennis: Interne skoolkampioenskappe Sagtebal: Halfeind: Rietondale Park
18 September	**ANA-TOETSE GR 1 – 7**
19 September	Hokkie O/12 – Midstream Ridge Hokkie O/13 – Magalies Hokkie O/13 – CHC
21 September	Tennis: Interne skoolkampioenskappe
22 September	**TOETS: EBW (GRAAD 7)** Tennis: Interne skoolkampioenskappe Sagtebal: Tshwane kampioenskap : Rietondale Park
23 September	Opvoedkundige uitstappie: Gr 1 : Die Plaaswerf : Irene Tennis: Interne skoolkampioenskappe
24 September	**ERFENISDAG**
25 September	**SKOOLVAKANSIEDAG**
28 September	**RAPPORTE UIT GF** Tennisliga
29 September	**GF OUERAAND**
30 September	Opvoedkundige uitstappie: Graad 3 : Dieretuin
1 Oktober	Opvoedkundige uitstappies: Graad 2 : Pioniersmuseum Graad 4 : Sammy Marks Graad 7: Cullinan myn GRAAD 7 SOKKIE
2 Oktober	**SKOOL SLUIT 11:00** Markdag Gr. 7
4 Oktober	**SKOOL VERJAAR 111 jaar oud**

AFWESIGHEDE EN VROEG UITTEKEN VAN LEERLINGE: Ons neem met kommer kennis van leerlinge wat al hoe meer uit die skool gehou word sonder grondige redes asook leerlinge wat self nie skool toe kom nie. Tref vooraf per brief reëlings met die voog-onderwyser indien u kind vir 'n paar dae nie in die skool gaan wees nie. Voorsien 'n doktersbrief indien u kind siek was. Moenie vakansies gedurende skooltye beplan nie. **Leerlinge wat afwesig was, moet self sorg dat hulle die werk inhaal wat hulle verloor het.** Kinders wat gereeld afwesig is, sukkel met sosialisering, met skoolwerk en ontwikkel skeidingsangs. Ons sal ondersoek instel indien 'n leerling na drie dae sonder 'n geldige verskoning afwesig was, en na tien dae die CMR en Distrik en Polisie inlig sodat 'n volledige ondersoek geloods kan word. Indien 'n kind vir tien dae afwesig is sonder 'n geldige verskoning sal die kind van die register verwyder word, en moet heraansoek doen. **Indien 'n kind afwesig is met 'n toets/eksamen moet 'n doktersbrief ingehandig word by die betrokke onderwyser. Waak ook teen die tendens om u kind onnodig vroeër te kom uitteken. Laat weet asseblief die klasonderwyser indien u kind in die hospitaal opgeneem is of ernstig siek is. 'n Leerling wat vir 40 dae in die jaar afwesig is, sal daardie jaar moet herhaal.**

BAIE BELANGRIK!
VOORLOPIGE NOVEMBER – DESEMBER DATUMS:

- Eksamens sal plaasvind vanaf 18 November tot 2 Desember.
- Graad 7: Die Bela–Bela afsluiting vind plaas op Vrydag 13 November en die Kerkafsluiting op Vrydag 27 November om 10:30. Neem ook kennis dat die einde van die jaar se eksamen 60% van die Graad 7's se jaarpunt tel.
- Graad 3: Skryf 'n Nasionale vraestel in Wiskunde en Engels van 30 November tot 2 Desember, en sal vir Rapport tel.
- Graad 4 – 6: Skryf 'n Nasionale vraestel in Wiskunde, Engels en NW/TEG van 30 November tot 2 Desember.
  NB! Dit is al vraestel wat tel vir die Rapport. (Eksamen)
- Graad 4 – 7: Sport, leierskap en Kultuur Merietefunksie vind plaas op 12 November. Die Akademiese Merietefunksie vind plaas op 7 Desember na afloop van die eksamen, aangesien kwartaal 4 se punte ook in berekening gebring word.
- Graad 1-3 het net een Merietefunksie op 11 November.
- Rapporte word op 9 Desember tussen 07:30 en 10:00 uitgedeel.

BARNYARD VERTONING:
Die Graad Sewes het weer 'n fondsinsamelings geleentheid.
Vrydag 25 September 2015
Plek: Barnyard
Koste: R70 per persoon
Tyd: 20:00
Vertoning: 50 Carat Gold – "The 50 Greatest Songs of All time"
Kaartjies is beskikbaar by die kantoor.
Ons sal dit waardeer indien u hierdie geleentheid sal ondersteun. Die kaartjies vir die vertoning kos gewoonlik R170.

OUERS WAT OMGEE – BIDGROEP:
Daar is Woensdae om 07:15 'n bidgroep wat bo in die losie bymekaarkom. Die groep ouers bid vir ons leerders, skool, gemeenskap en spesifieke sake wat onder hul aandag gebring word. Ons sal bly wees indien daar nog ouers is wat by die groep wil inskakel.

AFSKEURSTROKIE VAN OMSENDBRIEF 30/2015

Ek, _____ouer of voog van _____ in Gr. _____/_____ neem kennis van Omsendskrywe 30 van 2015.

1904 - 2004

LAERSKOOL DANIE MALAN

TEL: 546-1358
546-1368
FAKS: 546-0705

KOOS DE LA REYSTRAAT 279
POSBUS 16163

PRETORIA-NOORD 0182
PRETORIA-NOORD 0116

Algemene navrae/ General enquiries:
navrae@daniemalan.co.za
Vrystellings/ Exemptions:
finansies2@daniemalan.co.za
Hoof/ Principal:
hoof@daniemalan.co.za

Akademie/ Academic:
hbloem58@gmail.com
Inskrywings/ Afwesighede/ Enrollment/ Absent:
ontvangs@daniemalan.co.za
Finansies / Finances :
finansies@daniemalan.co.za
Dissipline/ Sport/ Disscipline/ Sport:
fventer@daniemalan.co.za

OMSENDBRIEF 30 – 8 SEPTEMBER 2015

ONBEKENDE DEPOSITO'S:

Die verwysings van die volgende elektroniese betalings wat ons ontvang het, is onbekend. Indien u enige van hierdie betalings gemaak het kontak asb. vir Annelize by die finansiële kantoor om die nodige regstelling aan te bring.

Datum	Verwysing	Bedrag
2015/06/01	Advertensie omsendbrief	R620

SAGTEBAL:

Op 1 September 2015 het ons teen Laerskool Hermanstad gespeel en die uitslae is soos volg:

Die O/11 seuns wen 8 – 2: Sherwarn Noise was die beste kolwer en Divan Dippenaar en Tshepang Mamabolo die beste veldwerkers.
Die O/13 seuns wen 20 – 1: Marcel Schutte was die beste kolwer en Theo Malan, Jeandre van der Nest en Divan Labuschagne was die beste veldwerkers.
Die O/10 dogters wen 15 – 10: Genet le Roux was die beste kolwer en Taryn Hayes die beste veldwerker.
Die O/11 dogters wen 8 – 3: Timoné Manders was die beste kolwer en Antonique van der Westhuizen, Anmari Malan en Timoné Manders was die beste veldwerkers.
Die O/13 dogters wen 15 – 5. Al die dogters het pragtig gespeel.

Op 3 September 2015 het ons teen Laerskool Broederstroom gespeel en die uitslae is soos volg:

Die O/10 seuns het verloor. Die beste kolwer was Marnus Maritz.
Die O/11 seuns wen 21 – 1: Rynhardt van Rensburg was die beste kolwer en Laurens du Plessis en Sherwarn Noise die beste veldwerkers.
Die O/13 seuns wen 14 – 4: Theo Malan was die beste kolwer en veldwerker en Divan Labuschagne ook die beste veldwerker.
Die O/11 dogters het verloor. Chrissie Smith was die beste kolwer.
Die O13 dogters wen 11 – 5: Amberlee Sutherland was die beste kolwer en veldwerker, en Shevonne van Tonder was ook die beste veldwerker.
Baie geluk aan die spelers en spanne!

HOKKIE:

Die O/11 dogters het gelykop 0-0 teen Garsfontein gespeel.
Die O/13 dogters het teen Midstream gespeel en 1 – 0 gewen en ook teen Menlopark gespeel en 4 – 0 gewen.
Baie geluk aan die spanne.

TENNIS:

Die uitslae is soos volg:
Die eerse seunspan speel teen Tuine en wen 42 – 13.
Die O/11A seunspan speel teen Wonderboom en wen 22 – 21.
Baie geluk aan die spanne!

KRIEKET:

Die krieketuitslae is soos volg:
Die O/9A span speel teen Skuilkrans. Die beste kolwer was Rowan Schoeman en die beste bouler Hendrew Schoeman.
Die O/9B span speel teen Eduplex. Die beste kolwer was Ruan Snyman en beste bouler Wihan Conradie.
Die O/10 span wen teen Skuilkrans.enDie beste kolwer en bouler was Zain Vorster.
Die O/12 span speel teen Skuilkrans. Die beste kolwer was Steven Sutherland en die beste bouler Shaun Dee Gair.
Die O/13A span wen teen Skuilkrans. Die beste kolwer was Juan Buitendag en die beste bouler was Zander Gouws.
Baie geluk aan die spanne en spelers.

ELEKTRONIESE KAARTSISTEEM*:*

Die skool het nou 'n elektroniese kaartsisteem. Ouers kan enige betaling aan die skool dus met 'n debiet- of kredietkaart maak.

MERIETE TROFEES:

Trofees ontvang in 2014 se Meriete funksie moet gegraveer teruggestuur word skool toe.

BELONING – VRYDAE 13:00:

Op Vrydag, 11 September 2015 verdaag die Gr 1-7 leerders om 13:00, omdat die terrein netjies was. Die Graad 6's help die week met die opruiming.

Vriendelike groete

H Smith
Hoof

NOORDELIKE PRETORIA ONTWIKKELINGSKEMA (NPOS)

SEPTEMBERMAAND PROJEK

Indien dit moontlik is, vra ons asb. dat elke kind 'n blikkie kos, en nie-bederfbare kos, gedurende September skool toe bring en by die kantoor inhandig. Elke blikkie kos maak 'n groot verskil in dié gesinne se lewens.